KRANSPOORT OMGEWINGSAKE

2 DESEMBER 2017

AGENDA – OMGEWINGSAKE SESSIE

- Kranspoort Omgewingsake Bestuursplan
    1. Samestelling van Omgewingsake komitee
    2. Elemente van die plan
    3. Oogmerke in die plan
    4. Veldwagters beweging
    5. Reënval en veld toestande

- Laaste wildtelling 23 Aug 2017
- Wild bestuursopsies vir die korttermyn
- Voeding en wildeienaarskema

KRANSPOORT OMGEWINGSAKE KOMITEE

Willie Schoeman	voorsitter
Willie Marais	sekretaris
Rudi Kruger	direksie
Johan Botha	veldwagters
Dawid van der Walt	veldwagters
Dries Dreyer	gemeenskap
Van Fourie	gemeenskap

KRANSPOORT EIENAARSKOMITEE OMGEWINGSAKE

(Fauna & Flora) BESTUURSPLAN

Opdatering: November 2017

Kritiese prestasie areas

- Wild bestuur
- Veld bestuur
- Toeganklikheid
- Volhoubaarheid

VISIE

Kranspoort Dorp as 'n model natuur reservaat te vestig en uit te brei met 'n ekologiese habitat wat deur inwoners en besoekers waardeer kan word.

OOGMERKE

•Om die medium- en kleinwild soorte op Kranspoort so te bestuur dat die getalle, gesondheid en kondisie van die diere die spesies 'n eer aan doen

•Om die aantal spesies op Kranspoort op die langer termyn verantwoordelik uit te brei en aan te vul

•Om die veld op Kranspoort optimaal te benut ter ondersteuning van bogenoemde oogmerke

•Om die veld en omgewing toeganklik te maak vir natuur liefhebbers sonder om skade aan die habitat aan te rig

•Om die veiligheid van die inwoners, wild en natuurlewe en besoekers te verseker

KRANSPOORT VELDWAGTERS

Die veldwagterskorps bestaan uit 15 lede en die doelwit is die identifisering, rapportering en monitering van omgewingsake en wild.

Onderhou ook die bestaande voetslaanpaaie, is behulpsaam met die uitroei van pionier- en indringerplante en ondersteun die portefeulje van die Direkteur Omgewingsake

KRANSPOORT JAARLIKSE REëNVAL



Laaste wildtelling 23 Aug 2017

SPESIE	AANTAL	TOTAAL	AANMERKING
Koedoe M	17	47	Ten minste 15 groot volwasse bulle
Koedoe V	30		
Rooibok M	71	189	Penkoppe tussen troppe ooie is nie as ramme getel nie. Ramme dus heelwat meer
Rooibok V	118		
Blouwildebees	9	9	Almal manlik
Zebra	36	36	Heelwat jong diere in troppe
Kameelperd	11	11	Mag dalk een kalf nie gesien het nie. Na onlangse ondersoeke weet ons 7 diere is manlik
Njala M	1	2	Na waarneming tydens wildvangs vroeër die jaar weet ons daar is 5
Njala V	1		
Rooihartebees	21	21	6 Bulle wat alleen loop
Bosbok	3	3	Al wat waargeneem is weet daar is meer.
Rooiribbok	9	9	Al wat waargeneem is weet daar is meer.
Vlakvark	19	19	Al wat waargeneem is weet daar is meer.
Bosvark	1	1	Al wat waargeneem is weet daar is meer.
Jakkals	1	1	Al wat waargeneem is weet daar is meer.
Duiker	1	1	Al wat waargeneem is weet daar is meer.
Waterbok	0	0	Terleurstellend dat geen waargeneem is nie.

DIREKSIE BESLUIT: 25 AUGUSTUS 2017

Verwyder:

SPESIE		AANTAL
Kameelperd	M	5
B/Wbees	M	6
R/Hartbees	M	6
Zebra	M	8
Rooibokram		70+

Wildtelling

SPESIE	AANTAL (Aug 2017)	TOTAAL (Aug 2017)	NOV 2017
Kameelperd (M)	7	11	4
Kameelperd (V)	4		3
B/Wbees (M)	9	9	3
B/Wbees (V)	0		9
Rooibok (M)	71	189	24
Rooibok (V)	118		118
Zebra	36	36	36

Getalle wat gedurende 2018 verminder moet word

SPESIE	AKSIE
Koedoe	verwyder 4 bulle 2 draai en meer, 8 bulle 18 maande tot 2 jaar oud, 10 ouer koeie voor einde September 2018. Bestuur M/V tot 20/80% Oogmerk op die veld = 80.
Rooibok	verwyder alle ouer ooie wat duidelik in 'n swak kondisie is, alle volwasse ramme (±30) en knypkoppe 1-2 jaar voor einde April 2018. Huidige penkoppe moet verwyder word voor einde April 2019. Koop 5 nuwe ramme voor einde Februarie 2018. Moet gereed wees vir 2018 teel seisoen. Bestuur M/V tot 15/85% Oogmerk op die veld = 250
Kameelperd	verwyder 1 bul gedurende 2018 en afhangend van aanwas nog 'n bul gedurende 2019. Verspreiding November 2017 is 3V 4M (1kalf) Oogmerk op die veld = 7
Blouwildebees	verwyder 1 bul gedurende 2018. Bestuur aanwas tot 2019 en beperk tot oogmerk Oogmerk = 30
Zebra	verwyder 15 diere voor einde September 2018 en bepaal oorwig van geslag. Bestuur oogmerk in 2019 Oogmerk op die veld = 20 - 30

WILD GETALLE BESTUURS OPSIES – KORTTERMYN

- Lewendige wild mark
  a) Vang met helikopter en vangkraal
  b) Verdoof en verwyder

- Vleismark
  a) Skiet en verkoop karkas

KRANSPOORT WILDEIENAAR EN VOEDINGSKEMA

AGTERGROND

Die voorkoms van verskeie wildspesies op Kranspoort is een van die belangrikste redes waarom eienaars hier woon en belê. Om die wild te bestuur en in 'n goeie kondisie te hou is egter baie duur indien addisionele voeding, versorging, beveiliging en beskikbaarheid inag geneem word. Die wild het 'n baie hoë estetiese waarde en nie net in die dier se fisiese voorkoms nie maar ook in die hoeveelheid spesies wat waargeneem kan word.

Daar is dus besluit om twee skemas voor te hou wat 'n groot bydrae kan maak tot die bevordering van beide mens en dier se samesyn op Kranspoort

WILDEIENAARSKEMA

OOGMERK	SKEMA
Finansiering van wild aankope •Nuwe gene •Nuwe spesies	•Kranspoort eienaars word die geleentheid gebied om wild aankope soos bepaal deur die Omgewingsake Komitee te finansier en aanspraak te maak daarop dat hul die eienaar van die wild is •Kranspoort Omgewingsake bestuur die wild namens die eienaar •Die eienaar is geregtig op ‘n ooreengekome hoeveelheid van die aanwas en/of persentasie van die inkomste uit verkope •Dit is ‘n beperkte skema. Almal kan nie koop en aflaai nie

Moontlike lys van spesies	Ooreenkoms
Blesbok	Slegs spesies en getalle soos bepaal deur die Omgewingsake Komitee word toegelaat.
Eland	
Swartwitpens	
Rooibok	
Waterbok	Kom die teenprestasie ooreen -getalle karkaste of % inkomste uit verkope - periode van ooreenkoms
Njala	
Springbok	
Volstruis	

VOEDINGSKEMA

OOGMERK	SKEMA
Finansiering en verspreiding van voeding vir die wild in die "af" seisoen.	•Omgewingsake bepaal die hoeveelheid en tipe voeding wat aangekoop word. •Koop vroeg in die seisoen wanneer pryse goed is. •Kranspoort doen die berging. •Kranspoort administreer en beheer